KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 275 **1 Februarie 2010**

TOULEIER

Kammanuus se lesers sit my op my plek!

Baie dankie vir die geweldige klomp briefies in reaksie op my skoot in kuberruimte in oor die meelewing van ons lesers.

Ek is lekker op my plek gesit. Plat op my gat en baie beïndruk met julle klomp. Ons sal 'n paar voorbeelde plaas. Mense mis nogal veral vir Roelfie. Ek wonder tog of ons hom nie kan ompraat om ons net so een aalmoessie op 'n slag te gooi nie?

Wat sê julle? Ag toe Roelfie, speen ons liewer. Wie gaan nou vir ons vertel van ou Stortkop en die soustrog se rêrige manewales?

Nou ja, julle het die skietgoed, en soos hulle altyd in die weermag op ons troepies daar op die Rooikop se skietbaan geskree het: "Op jou eie tyd op jou eie teiken, gaan aan." En steeds was daar maar altyd diegene wat op jou teiken loop staan en skiet het.

So het ek die week ook weer besef hoe mens maar liewer op jou eie teiken moet hou. Stap ek toe mos by die groendakkies verby en hoor agter die hoë muur 'n ritmiese stemmekoor wat oor en oor herhaal "Dertien, dertien, dertien …."

Ook maar mens ook maar nuuskierig, merk ek daar is 'n gaatjie in die muur en loer daar deur. Sal een my wragtig met 'n straal water in die oog skiet! So met die wegstap hoor ek net: "Veertien, veertien, vertien...."

Terug by die waarheid, en nog goeie nuus vir die jaar:

Stel jy belang in die Jats se boek?

André Dippenaar, ons Weskus-storiesskrywer, oorweeg 'n tweede uitgawe van sy boek *Harleyryers Issie Banggatte Nie*.

Jats, soos ek en Kammanuuskokinnikaap (KKK) hom roep, gaan dit egter net doen indien daar genoeg belangstelling onder ons lesers is.

Julle is die proefsteek wat gaan besluit of hierdie stukkie Africana uit monde van oorle oompie Doors, die wêreld in groter getalle gaan ingaan. Tyd om te besluit.

Stuur slegs 'n leë e-pos (geen inhoud, geen onderwerp) na dippies@getresponse.com Jy staan onder geen verdere verpligting nie, dis net 'n aanduiding of jy sou belangstel in so 'n bundel. André beoog om tussen R100 en R130 per eksemplaar te vra, afhangende van die navraag – posgeld uitgesluit.

Besluit dus of jy dit sou oorweeg – dis 'n lekker geskenk aan familielede of vriende - en laat weet.

Sodra jy die e-pos stuur sal daar 'n Engelse e-pos vanaf **Getresponse** by jou opdaag waarin daar 'n skakel is waarop jy net moet klik om te bevestig dat jy wel op ons poslys geplaas mag word.

Nou ja, na so 'n bekvol, op jou eie tyd, en op jou eie pas, lees aan!

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Afrikaans Sonder Grense
Lekker musiek vir alle mense

Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musiek op die internet by: **www.coralcoastradio.net.au** elke Donderdag 6 – 8 nm. (Queensland-tyd) met Rochelle uit Bundaberg. Musiek vir oud en jonk. Sluit ook aan op Face Book by Afrikaans Sonder Grense, word deel van die Afrikaanse musiekfamilie in die buiteland!

Allegaartjie

**En dan wonder sy hoekom sy nie werk kan kry nie . . .
(of is sy dalk 'n hy?)**

Die Wet van Meganiese Herstelwerk:
Sodra jou hande met ghries besmeer is, sal jou neus begin jeuk en sal jy met 'n vol blaas begin sukkel.

Die Wet van die Telefoon:
Jy kry nooit 'n beset-toon as jy die verkeerde nommer bel nie.

Selfone bring nuwe name

Selfone se koms in 1993 het 'n hele nuwe reeks name na vore gebring. Soos:

1. Network Madondo
2. Subscriber Zulu
3. Nokia Khumalo
4. Siemens Mdlalose
5. Motorola Buthelezi
6. Dial Magubane
7. Vodacom Mkhize
8. Call Later Ndlovu
9. Voicemail Ngobese
10. Simcard Makhathini
11. Talktime Luthuli
12. Cellphone Mpungose
13. Message Gumede
14. SMS Mabaso
15. Phonebook Dlamini

"Net een enkele woord uit jou uit en jy's so goed soos dood."



Neem tyd af om te leef!

Die lewe is te kort - geniet dit.
Dans kaalgat! Hoe-hoeeee!

HOOGTES HELP

'n Arend sit hoog in 'n boom en niksdoen. 'n Hasie sien die arend en vra hom: "Kan ek net ook soos jy sit en niksdoen?"

Arend antwoord: "Seker, hoekom nie?"

Die haas sit toe op die grond onder die arend en rus. Skielik verskyn 'n jakkals, bespring die haas en vreet hom op.

Die storie se les:
As jy wil sit en niksdoen, moet jy baie hoog op wees.

WERK HARDER!

Miljoene wat van welsyn leef,
maak op jóú staat!

Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

KORT DEFINISIES

Wat is die definisie van 'n pessimis?
'n Optimis met ondervinding.

Wat noem jy 'n koei met losse sedes?
'n Melktert.

HUWELIK

'n Vrou is onvolledig totdat sy die dag trou.
Dan is sy klaar.

UITSAAIFLATER

Hierdie is glo die reine waarheid: Een oggend, nie te lank gelede nie, was daar weer een van die inbelprogramme, en hierdie keer kon die beller 'n prys wen. So kry die vroutjie toe die vraag:

"As wat is natriumchloried beter bekend?"

Sy uhm en aah, en die omroeper besluit om haar 'n leidraad te gee:

"Jy kan dit soggens oor jou man se eiers gooi," sê hy.

Skielik gaan daar 'n lig vir die vrou op: "Babapoeier?" waag sy.

Die omroeper het glo vinnig 'n CD opgesit, maar nie voordat hy uitgebars het van die lag nie!

Die lewe se vier stadiums

1. Jy glo in Kersvader en die Tandemuis.
2. Jy glo nie in Kersvader en die Tandemuis nie.
3. Jy is Kersvader.
4. Jy lyk soos Kersvader.

Boeta skryf plaas toe

Boeta is op universiteit en ontmoet 'n meisie wat hy graag aan sy ma-hulle op die plaas wil gaan voorstel. Boeta is bietjie skaam vir hoe dinge op die plaas is en skryf toe vir sy pa 'n brief oor 'n paar dingetjies wat hulle asseblief tog net moet regstel voor hulle gaan kuier.

"Daar is drie dinge wat pa-hulle tog moet regsien voor ek vir Sannie plaas toe kan bring.

Boela is al baie oud en blind en vol vlooie en hy stink. Julle moet asseblief vir Boela uitsit.

Dan, daai buitetoilet moet julle asseblief afbreek. Dit is nou die moderne tyd. Mense het deesdae badkamers met toilette binne-in die huis.

En die laaste ding – daai foto in die voorhuis van waar pa sit en ma staan moet julle asseblief verwyder. Deesdae staan die man en die vrou sit wanneer fotos geneem word."

Die pa stuur toe die volgende brief terug:
"Boeta, toe jy vyf jaar oud was, toe val jy in die dam en Boela het jou gered. So Boela bly.

Dan, daai buite-toilet is waar ek elke oggend gaan sit en na die boerdery kyk en planne maak, en dit is wat jou op die universiteit hou. So die buite-toilet bly.

En laastens. Daai foto van waar pa sit en ma staan is op ons honeymoon geneem. Pa kon nie staan nie en ma kon nie sit nie en dis waar jy vandaan kom. PUNT

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

'n Geskenkpakkie uit Nigerië

'n Nigeriese familie was dronkgeslaan toe die kis met die oorskot van hul moeder uit die VSA by hulle aankom. Dit was versend deur een van haar dogters. Die dooie liggaam was so vasgedruk in die kis dat die gesig die glasdeksel geraak het. Toe hulle die kis oopmaak, het hulle die volgende brief gevind:

Liewe Broers en Susters

Ek stuur aan julle ons moeder se liggaam om begrawe te word, want dit was altyd haar wens om in haar vaderland begrawe te word. Ek is jammer ek kon nie saamkom nie, maar my verlof is geweier omdat ons 'n tekort aan personeel het.

Julle sal vind daar is in die kis, onder Mama se liggaam, 12 blikkies vis, 10 pakkies Royco sop en 8 blikke Hot Chocolate. Verdeel dit asseblief onder julle. Aan Mama se voete is daar 'n nuwe paar Reebok drafskoene vir Bongani se oudste seun. Daar is ook twee paar skoene vir Emily en Patience se dogters. Ek hoop dis die regte grootte.

Mama dra 6 Amerikaanse T-hemde. Die grootste een is vir Josiah en die ander is vir my nefies. Die twee Levi jeans wat Mama aanhet is vir die seuns.

Die Switserse horlosie wat Rhema vir haar 21ste verjaardag wou hê is aan Mama se linkerarm. Tant Shamma, Mama dra die halssnoer, die oorbelle en die ring wat jy wou hê. Neem ditasseblief. Die ses katoensokkies wat Mama aanhet moet tussen my tienderjarige nefies verdeel word.

Verdeel alles asseblief regverdig. As julle nog iets nodig het, moet julle laat weet. Papa is deesdae nie baie gesond nie.

Jul liefhebbende suster
Usha

Die grappie oor TOYOTA'S

DIE twee eerstejaars trap oor die tou en besluit om die nooi se ouers die naweek op die plaas oor die situasie te gaan inlig.

Die hele aand het die kêrel gewroeg oor hoe hy die voorgenome skoonouers van hul lot gaanvertel, maar hy kom nie sover om dit te doen nie. Die nag het hy sleg geslaap en die volgende more was hy vroeg op.

Hy was heel verbaas om oral op die werf net Toyota's te sien.In die motorhuis het 'n Camry gestaan, onder die boom 'n Hilux bakkie en in die stoor was 'n Land Cruiser. Selfs die plaas se naambord was geborg deur Toyota.

Terwyl hy hom so verwonder, groet die oom hom skielik. Die arme kêrel skrik hom flou. Maar kenmerkend van 'n vindingryke student herstel hy gou en vra die oom uit oor sy baie Toyota's.

"Toyota's het baie goeie masjiene. Hul ratkaste gee nie in nie. Die Land Cruiser se vere kan jy maar laat werk. Die onderstelle hou vir ewig. En selfs in die winter sukkel 'n mens nie om die Toyota's te *start* nie," sê die oom.

Waarop die kêrel sy gaping sien: "Oom se dogter is seker ook 'n Toyota. Ek het haar net so 'n ligte stootjie gegee, toe vat sy."

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Kammanuus word wyd gelees!

Estelle van der Merwe:
Baie, baie dankie vir al die Kammanuus uitgawes. Ekself lees dit glad nie - Het nie tyd nie, maar my ou gryse moeder (80jaar oud in Huis La Belle, Bellville, Kaapstad) en al haar vriendinne in die outehuis lees dit EN IS MAL DAAROOR.
Ek druk dit uit en neem dit vir mamma. Sy lees dit eers en dan word dit aangestuur van bakboord na stuurboord sodat almal dit op die ou end te lese kry. 'n Ieder en 'n elk van hulle vra elke naweek (wanneer ek daar kom) wanneer kom die volgende uitgawe - hulle leeeeeef absoluut daarvoor. Sê dis nie soos die koerante wat net moord en doodslag is nie - Dis iets wat hulle (met al hul skete en pyne) LEKKER LAAT LAG.....en dis gratis !!!!
Baie dankie namens die oumensies van Huis La Belle !!!!!

Ons het sommer baie briefies ontvang op ons vraag of Kammanuus nog die geld en die moeite werd is. Hier is uittreksels uit 'n klompie:

Mariaan Vorster, Pretoria:
Ek is in een van die min staatskantore waar daar gereeld teen 'n spoed gewerk word, en dikwels word die nuusbrief - uitgedruk om dit later tuis te verslint en ook aan te gee vir buurman.
Ek sien uit na die nuusbrief en geniet dit terdeë, al is dit 'slip one, miss one'. en dit is uit en uit te danke aan ons ontoereikende IT ondersteuning van die server.
My leuse is ook as daar een nuusbrokkie is wat my nie aanstaan nie, skip dit, lees aan, lees verby – lees dit wat vir my belangrik is, hoe kan ek as nietige mens besluit waarvan almal moet hou? Gelukkig verskil smaak – anders was hierdie ou lewe van ons maar baie baie saai of hoe sê jy?

Judi Meyer:
Hennie, nee asseblief. Ek geniet dit vreeslik.
Alles maar veral die Genealogie deel.

S. Jacobs, Kanada:
Ek lees graag Kammanuus en geniet dit besonder, veral die grappies. My man geniet elke brokkie nuus terdee. Baie dankie daarvoor. Ons waardeer die tyd en harde werk wat ingesit word.

Anette Lenk:
Ek lees dit en vertaal dit vir my man!! Dit is great, ek geniet dit baie...kan nie dink aan iets wat my noodwendig verveel nie.

Elbe:
Die Kammanuus is vir my baie interessant en ek hou veral van die deeltjies waar jy van jou en jou vroutjie se wedervaringe vertel, selfs die ou weermag stories, en die grappies. So nee, moenie ophou nie.

Antonette Adams, Skotland:
Ek as a Suid Afrikaner wat in Skotland bly geniet natuurlik sulke nuus want ek verlang nog so baie na my ou land en hier praat die mense nie Afrikaans nie so ek geniet dit vreeslik!

Corrie Greyvenstein, Vrystaat:
Jong, ek lees elke letter van daai nuusbrief. Print hom en gaan lê op my bed en verslind hom! Het nie tyd om so heeldag voor die rekenaar te sit en hier als te lees nie.
Ek is BAIE JAMMER dan Roelfie koebaai sê! Ek geniet sy rubriek vreeslik.
Hy slaan die spyker altyd so op die kop.

Estelle:
Ek geniet die Kammanuus. Vanoggend was so 'n bloumaandag tot ek die Kammanuus oopgemaak het, nou voel ek sommer stukke beter! Hou aan met die goeie werk!

Pieter Krüger:
Ek geniet dit baie om jou nuusbriewe te lees, ek kry net nie gereeld tyd nie wat tragies is! Ek wil kyk of ek dit op my iPod of Kindle kan kry om te lees, san kan ek dit op dievliegtiog op my gemak lees. Wat die inhoud betref: onverbeterlijk, ek en my gesin geniet elke stukkie, dit is so eg Afrikaans.

Anton Stander, Gauteng:
Ek geniet rerig Kammanuus vreeslik en kan nie wag vir die volgende een nie.
Ek skip gewoonlik die oorlogstories, maar die res is vir my heerlike leestof.

Daan Swanepoel:
Ek kan met sekerheid aan jou sê dat ek Ons Dorp baie geniet,veral oor naweke wanneer ek moeg word vir die TV. Jy doen 'n moerse goeie job om ons 'n bietjie op te kikker, hou so aan!

Nelis Snyman:
Ek geniet die Kammanuus baie, ten spyte van die uitdagings en hindernisse met werkende en nie–werkende e-pos en beskikbare en toelaatbare internet. Maar geniet dit baie en pleit dat julle sal voortgaan om die moeite te doen en jul aftesloof vir ons ander slawe. Ek bedank julle weer eens vir al die moeite en sorg wat julle met die nuusbrief doen en ons almal oor die wêreld so deur bymekaar hou.

Dewald Kritzinger, Nieu-Seeland:
Toe Kammanuus "aangeheg" was, het ek dit altyd gelees en myself gate uit geniet. Toe Kammanuus net 'n "hyperlink" geraak het, het ek dit nooit gelees nie. Dit is maar net 'n "publieke opinie" van my en ek glo daar is baie duisende mense wat dieselfde kan sê. Dit is wonderlik dat Kammanuus weer "aangeheg" is as PDF. Ek glo nou gaan jou leserstal styg met 90%+.

(Nou ja, soos ons verduidelik het: Dit was sodat ons Kammanuus groter en met meer foto's en prentjies kon maak. Maar die self aflaai het duidelik nie gewerk nie. - Hennie).

Pietman Labuschagne:
Jong ons lees hom, al is dit net so stuk-stuk. Elke keer as ek na my land en sy mense verlang, gaan ek na my Kammanuus 'folder' toe en lees sulke stukke. Ons waardeer wragtag die werk en geniet ons Kammanuus baie. Moet nooit daaraan twyfel nie!

Carin van Staden:
Nou wat op aarde gee jou die idee dat ons nie Kammanuus lees nie?
Ek het gedink die storie eindig stomp maar dit was ook nie asof dit halfpad deur 'n sin was nie en jy was haastig om klaar te maak en dis Kersfees en jy het baie ander belangrike dinge om te doen en ons vergewe jou vir 'n klein ou foutjie en ons wil nie kerm nie. Ons het genoeg ander goete om oor te kerm.

Ethel van der Walt:
Ek geniet Kammanuus vreeslik baie. Dis net dat ek 'n restaurant het in die skitterende dorpie Vanderkloof en oor die afgelope Desember vakansie kon ek glad nie by enige eposse uitkom, nie eers lees nie. Laaaaaaaaat gaan slaap, vroeg op om skoon te maak en weer die dag aan te durf.....!!! Die ekstra inkomste is meer as welkom maar dit eis maar sy tol ook.

Ignis Goosen:
Doen enigiets maar moet nie ou Ignis se plesiertjie wegvat nie. Dis 'n puik koerant en gooi hom ou pel.

Jan Brand:
Ek geniet nog steeds ten volle my Kammanuus met alles daarin en sien altyd uit na die volgende uitgawe, so indien moontlik hou asseblief aan.

Elsa McElroy, Kanada:
Ek lees al te lekker aan die Kammanuus en hoop om dit nog lank te kan lees. Ek is nie mal oor army-goed nie, maar my broer lees dit graag. So - alles is puik.
Ons wat hier in die buiteland sit verlang om nuus van die huis af te kry en (hier in Kanada veral) is dit wonderlik om die boere-humor te weer te sien. Die klomp hier is maar ernstig en weet nie van lekker maag diep lag nie.
Jy's my held.

Dirk Taljaard, Atlanta:
Ek geniet die KammanNuus. Ongelukkig het ek nie altyd tyd om alles in detail te lees, maar geniet veral die gedeeltes oor die geskiedenis en ook die Familie name. Die humor is goed maar partykeer 'n bietjie onder die belt. Dit maak dit moeilik om aan te stuur. Ek weet van mense wat dit nie waardeer nie maar wel van die ander sal geniet. So maak mens is goed.

Ansie dos Santos, Kanada:
Oor jou Kammanuus vraag. Ek lees dit en is seker daarvan dat talle Saners oor die wêreld dit nog doen. Al wat my die lus laat verloor het om uit te sien na Kammanuus was die feit dat dit in die afgelope tyd so deurtrek was met kleinhuisie grappe. Genoeg is seker genoeg, maar ek wil nie, wanneer ek in Afrikaans lees, voordurend herinner word aan die kommengeit wat ons soms in SA gevind het nie. Humor en skerpheid hou selde hand met enkelvoudige chauvinisme.

(Kleinhuisiegrappe? Kammanuus? Ons is soms bietjie gewaagd, maar darem nooit kommin nie. Of is ons? Wat sê die ander lesers? - Hennie.)

Kobus van Zyl:
Enigste probleem wat ek tans het is: WIE GAAN ROELFIE VERVANG??!! Hy was altyd vir my 'n hoogtepunt en 'n stêr!
Moet dit nie eers oorweeg om halt te roep nie!

Chris Denysschen:
Nee daar is niks wat ek sal wil verander nie, inteendeel jy doen puik werk. Ek was nou vir 2 maande buite sirkulasie, (rekenaar crash), so is nog besig om alles in plek te kry. Hou so aan!

Elise Jansen, Birmingham:
Ek lees die Kammanuus van voor tot agter - behalwe die 'So maak mens' rubriek. Op my ouderdom weet ek al presies hoe mens maak!

Philip, Vredendal:
Nee man!Julle kan nie die Kammanuus stop nie! Ek geniet dit gate uit elke maand!
Ek gaan Roelfie baie mis. Kan daar nie 'n pittige ou in sy plek 'n artikel soos syne doen nie??
Dan het ek ook die brokkies uit die Anglo Boere oorlog baie geniet. Daar kan maar nog sulke artikels kom. Miskien sommer snaakse voorvalle uit die Tweede Wêreldoorlog of ander oorloë ook.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Die Glukemiese Indeks (GI)

So baie word geskryf oor LAE GI kosse...maar wat beteken dit nou eintlik, en moet ons, ons daaraan steur?

Verskillende kosse het verskillende uitwerkings op bloedglukosevlakke. Sommige veroorsaak 'n vinniger, hoër styging in bloedglukosevlakke as ander, omdat hul verterings- en/of absorpsietempo verskil.

Die Glukemiese Indeks (GI) gee kosse waardes van tussen 1 tot 100, volgens die uitwerking wat die kosse op die bloedglukosevlakke het.

Kosse wat STADIG verteer en geabsorbeer word, veroorsaak 'n geringe styging in bloedglukosevlakke en het 'n LAE GI GETAL, terwyl kosse wat 'n VINNIGE en groter styging het 'n hoë getal het.

Kosse met 'n LAE GI en min vette is dus ons beste keuse!

Verwerking, bereiding en gaarmaak verander kosse se GI waardes, en moet dus in ag geneem word.

Hoe meer kos berei, of verwerk word, hoe makliker neem jou liggaam dit op om af te breek, MAAR hoe makliker jy dit vir jou liggaam maak, hoe Hoër die GI waarde en dus hoe ONGESONDER!

Laat jou liggaam werk vir sy kos!

Kies dus waar moontlik onverwerkte, growwe kosse, sonder ekstra suiker en vette. Glukose word vinnig en maklik geabsorbeer, dus : Hoë GI.

Fruktose of vrugtesuiker (en heuning) word stadig geabsorbeer, dus: LAE GI
Sukrose, so tussen die twee met 'n matige GI!

(Die GI waarde verander egter ongelukkig nie die kilojoule inhoud nie!)

Vesel, veral semels en hawermout, vertraag vertering en absorpsie en dwing die liggaam om energie stelselmatig op te neem en vry te stel en verlaag dus enige kos se GI waarde, dus 'n bonus!

Enige kos met hoë vesel in, is dus gut-gut!

Netso vertraag VET ook die proses en het vette dus ook 'n lae GI,
wees egter gewaarsku, baie vette is nie gut-gut nie! Maar vir diabete, is kos met bietjie meer vet dus 'n beter keuse as een met meer suikers!

Hou egter altyd in gedagte dat elke mens verskillend reageer op sekere kosse.

Gatiep: "Gammat, wasse honne het djy?"
Gammat: "Haskies."
Gatiep: "Ek vra wasse honne het jdy man..."
Gammat: "Haskies!!!"
Gatiep: "Ag boggerof djou, dowe donner!"

Die ou manne hou reünie

40

'n Groep 40-jariges besluit om by mekaar te kom vir 'n aandete. Uiteindelik bereik hulle konsensus: Hulle sal by die Gasthaus Gutenberger gaan eet, want die kelnerinne daar het sulke lae halslyne en mooi tieties.

50

Tien jaar later - hulle is nou 50 - besluit hulle om weer 'n reünie te hou. Hulle besluit om weer na die Gasthaus Gutenberger te gaan omdat die kos daar so lekker is en omdat daar 'n goeie wynlys is.

60

Toe hulle 60 word, is dit weer sulke tyd. Ná 'n lang geredekawel besluit hulle om weer na die Gasthaus Gutenberger te gaan omdat die plek rookvry is en nie harde musiek speel nie.

70

Nog tien jaar verloop, en die groep is nou 70 jaar oud. Hulle bereik gou eenstemmigheid: Hulle sal weer na die Gasthaus Gutenberger gaan omdat die plek rolstoel-vriendelik is en selfs 'n hysbak het.

80

Toe hulle 80 word is daar weer 'n reünie. Reg geraai: Hulle besluit op die Gasthaus Gutenberger, omdat hulle nog nooit daar geëet het nie.

VAN DIE MERK AF

deur Mark Parisi

ANNERLIKE AFRIKAANS

GRONDBOONTJIETOON –
Hy het sulke regte grondboontjietone (groot, knopperige weglêtone).

KERKHOFBLOM –
Hy is 'n regte ou kerkhofblom (grys hare as teken van ouderdom en die naderende dood).

KASTROL –
Dit gaan volkastrol (voor die wind).

Hy kom volkastrol die bult af (vinnig).

KAT –
Iemand vertel dat 'n kat kan eiers lê (die onmoontlike wysmaak).

Katjies laat drink (gesê van 'n man met oop hempsknope).

KATOEN –
Katoen op die Hoëveld plant (iets aanpak wat tot mislukking gedoem is).

*Uit Annerlike Afrikaans, Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal; deur Anton F. Prinsloo

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BARNARD
luidbotha@gmail.com
Ek is op soek na inligting oor Mathiam Jacobus Johannes Barnard gebore Okt 1877 en is in Witrivier oorlede 16 Januarie 1955. Hy was getroud met Dorothea Elizabeth Coetzee. Enige hulp sal welkom wees.

BERGH
milliekriek@gmail.com
My nooiensvan. My pa en oupa was Adrian Vintcent, eersgenoemde van Bloemfontein laasgenoemde van Oudtshoorn-omgewing. Hulle het altyd vertel dat ons direkte afstammelinge van Oloff Bergh is.

DE KOCK
nelliedk@kingsleymail.co.za
Ek soek na my familie: Van Stadens wat in die omgewing van Warrenton, Vaalhartz, Jan Kempdorp, Boetsap ensomeer gebore is. Asseblief, enige moontlike aanduidings sal hoog op prys gestel word. My ouma aan vaderskant was 'n Hester Dorethea Marais wat in die vroeë 1800's gebore moes gewees het en my oupa was Hendrik Petrus van Staden. Hulle kinders was Jan?,Petronella Dorethea, Hendrik Petrus, Gert?, Cornelius?, Zacharias, Johanna.

ENGELBRECHT
manie.mountany@pbmr.co.za
Ek doen navorsing vir 'n publikasie oor hierdie families en beskik oor 'n groot databasis met inligting. As enige iemand kan help vir 'n bydrae of inligting verlang kan julle my kontak.

HOEK
hoeka@cput.ac.za
Gebore Nederlander. In 1955 in SA aangekom. Tans dosent in Opvoedkunde aan die CPUT.

KRUGER
cjkruger@lantic.net
Addisioneel: My stamvader is Johann Kruger. Sy kleinkinders Johannes Christiaan en Jacobus Andries is my oorgroot oupas. Ek is op soek na inligting oor my grootoupa Christiaan Johannes se broers, Hermanus Jacobus Christoffel, Jan Harm en Andries Jooste. Ek sal dit waardeer as iemand dalk kan help!

PORTER
estherrossouw@live.com
Vader is David Clement Porter, eers getroud met Mary Brown, toe later met my ma, Hester Catharine Visser. Kinders uit die huwelike: Erold Dewer, Althea Veronica, Raymond William,Margorie Estelle, David Clement, Esther Lilian en Catharine Lorraine. Enige familie asb.

SUPRA
LIZA99@telkomsa.net
Ons wil graag meer uitvind van die Supras. Die eerste voorvader en sy gesin het vanaf Pruisse (Duitsland) in die land aangekom om en by die middel 1800's. Sal graag van ander Supras wil hoor.

SWEETNAM-STEYN
marie@sweetnam.co.za
Ek soek na my man se ouma - Livinia (Steyn) Sweetnam, getroud met Charles Frank Sweetnam. Wie weet waar op aarde sy vandaan gekom het - sy was wel in Rhodesië in 1897, toe my man se pa daar gebore is.

VAN ZWEEL
ursulahvz@gmail.com
Soek na familie. Gawie se lyn: Janse van Rensburg, Fourie, Smart en Kruger. Ursulah se lyn: Van Zweel, le Roux, Van der Linde, Kruger, Espach.

►Dink só daaraan: As dit nie vir die huwelik was nie, sou mans hul lewe lank gedink het hulle is sonder foute.

►Die huwelik is die triomf van verbeelding oor intelligensie.

►As jy wil hê jou vrou moet aandag gee aan elke woord wat jy sê, moet jy probeer om in jou slaap te praat.

AGTEROS

In Rusland is die klant nooit reg nie

Suid-Afrikaners sal straks ons eie staats"diens" en staatshospitale hierin herken – waar die enigste goeie klant 'n dooie klant is. Soos in Rusland.

Hoeveel blondines verg dit 'n Moskouse winkel om een maskara aan jou te verkoop? Vyf. Sonder grappies. Vyf meisies kon tussen hulle skaars een klein boksie maskara vind, oplui en toedraai. Om my kleingeld uit te keer, moes hulle my 500 roebelnoot by 'n winkel daar naby gaan kleinmaak, skryf Maria Antonova in *MosNews*.

Tien jaar gelede het ek 'n potjie met 'n lugwaardin op Aeroflot geloop. Toe ek my teekoppie aanbied, snou sy my toe: "Wat? Wil jy hê ek moet jou tee op botter skink?" En dit net omdat ek vergeet het om die blokkie botter uit die koppie te haal.

Ek het toe besef jy hoef nie op land te wees om Moedertjie Rusland se grond te soen nie – jy kan die Russiese atmosfeer ook op 'n hoogte van 5 000 voet ervaar.

Want kliëntediens in die Sowjet-styl is nie net 'n oksimoron nie: Dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetinge.

"Sofkowi serwis" (Sowjetdiens) is die uitdrukking wat gebruik word om 'n kafee of winkel te beskryf waar die goue reël nie is dat die klant altyd reg het nie, maar dat "die enigste goeie klant 'n dooie klant" is.

Jy kom ook nie ver in klere- of skoenwinkels nie, tensy jy die supermodel Natalia Wodianowa is. Selfs al sê jy vir die assistent dat sy 'n teef is, en dat jy jou sake elders sal doen, sal sy net haar skouers ophaal en voortgaan om haar naels te vyl.

In restaurante is my groot irritasie die wyse waarop kelners jou bord voor jou wegruk. Jy is besig om die laaste happie met jou vurk na jou mond te bring – en wap! Weg is jou bord. Dit laat jou sonder 'n plek om jou vurk neer te sit. Die rede moet wees: Vat haar bord weg, anders bestel sy nie nagereg nie.

□ □ □ □

Supermarkte bied 'n ander uitdaging. As dit jou gewoonte is om jou beste jas aan te trek as jy gaan inkopies doen, sien die winkel se sekuriteitswagte jou aan vir 'n boemelaar wat die winkel besteel.

Swak kliëntediens is deels 'n Sowjet-nalatenskap: Jy kon nie jou geld elders neem nie, want daar wás geen ander plek nie. Daar was net een besigheid: die staat. Die gebrek aan kompetisie het gelei tot 'n traak-my-nie houding: Die kliënt het ons nodig, ons het hom of haar nie nodig nie.

Die ander groot probleem is diefstal. Al daardie sekuriteitswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie. Anastasia, lank 'n kelnerin in 'n duur eetplek, het my vertel van die professionele klaplopers *(freeloaders)*: Mense wat hulle knuppeldik eet en dan net verdwyn. Sy het een keer 'n groep bedien wat 'n duisend dollar se kos verorber het. Toe gaan dans 'n paar van hulle, en nog 'n paar gaan toilet toe.

"Ek het gedink alles is in orde – hul jasse en sakke was nog by die tafel – totdat ek ontdek het al die sakke was vol papier opgestop!" vertel sy.

Anna weer, kla oor die eetgerei, borde en bekers wat uit haar restaurant verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het.

Wat dalk verklaar hoekom hulle jou bord so vinnig voor jou wegruk . . .